



Majuba Boerevolktrust

072 389 5223
sekretaris@majubatrust.
co.za
www.majubaberg.co.za

15 Februarie 2020

BESLUIT OOR DIE DRA VAN PARAMILITÊRE UNIFORMS BY MAJUBAFEES

Die Majubafees is 'n unieke fees deur ons volk en vir ons volk. In die eerste plek bied die fees aan ons die geleentheid om in dankbaarheid teenoor ons Skepper die Slag van Majuba te herdenk maar ten tweede bied die fees dan ook die gulde geleentheid vir volksgenote om in 'n veilige, positiewe en gemaklike gees saam te trek. By die fees reik volksgenote na mekaar uit en betree as't ware 'n openbare ruimte waar elkeen bydrae tot die mooi gees wat ons Majubafees so uniek maak.

Die voorwaarde vir hierdie mooi gees en samehorigheid was dat die fees deurgaans vanaf sy bestaan primêr as 'n kultuurfees aangebied is en waarbinne bepaalde orde reëlins gegeld het. Volksgenote wat die fees nie oor hulself wil maak of kwaadwillig handel nie het letterlik oor dekades heen gehelp dat die Majubafees as kultuurfees nie ontaard waar ons prioriteite verkeerd is nie. In die lig hiervan het die oorgrote meerderheid volksgenote gehelp dat die fees nie 'n geleentheid is waar drank misbruik word, waar ouers moontlik onveilig oor hul kinders sou voel of 'n ongemaklike situasie tussen verskillende organisasies mag ontstaan nie. Daardie volksgenote wat waarlik vir Majubafees omgee was nog altyd bereid om hul eie persoon of organisasie nie voorop te stel nie maar mee te doen aan die fees se goeie ordereëlins.

Die rede spreek vanself: Volksgenote wil welkom voel, ouers wil weet hulle kinders is veilig en almal wil die fees in 'n gemaklike en gemoedelike geesdrif geniet.

Die feeskomitee was ook, veral die afgelope dekade, bevoorreg dat feesgangers graag saamwerk om van Majubafees 'n groot sukses te maak. Ons was nie onnodig gekonfronteer deur konflik nie en die enkele uitsonderlike gevalle waar drank dalk onnodig te veel geniet is was altyd gemoedelik en rustig gehanteer. Die feeskomitee weet ook baie goed dat die voortgesette

**Trustees: AE Breytenbach, ds NJ Coetzee, HA Eksteen, ds. CJ Janse van Rensburg, ds ML Jordaan,
DJ Kruger, HA Potgieter, AJ Pretorius, L van Heerden, GJ van Zyl, Adv. JJB van Zyl (Voorsitter).**

suksesvolle aanbied van die fees vereis dat ons almal jaloers moet waak oor die goeie orde en samewerking wat almal so ruim aan meedoen.

Daar is ongelukkig 'n groeiende kommer onder talle feesgangers sowel as die feeskomitee dat die dra van paramilitêre drag of uniforms deur sekere organisasies of bewegings moontlik die gedagte van 'n kulturfees in die ware sin van die woord nadelig kan beïnvloed. Ten eerste is talle feesgangers bloot nie daarmee gemaklik nie. Ten tweede verskuif dit die ware oogmerk van 'n kulturfees weg en na ander oogmerke wat nie by ons unieke fees inpas nie. Ten derde is dit ongelukkig bloot so dat 'n onnodig militante verbintenis aan die fees gegee word en wat die Majubafees nog nooit was of wil wees nie. Ons het nie die persepsie geskep nie, maar ons moet ongelukkig die vrugte daarvan pluk.

As volksgenote begin aandui dat hul selfs nie Majubafees wil besoek waar sodanige kleredrag gedra word nie spreek dit daartoe dat ons dalk begin om ons volksgenote te verwilder. Diegene wat waarlik vir Majuba omgee sal met ons saamstem dat dit bloot nie aanvaarbaar kan wees nie. Ons is egter oortuig dat almal in ons volk wat nie die eie ek eerste stel nie maar wel omgee vir ons samehorigheid en positiewe gees ons hierin sal steun. Diegene wat egter daarop aandring om sy paramilitêre uniform of drag te dra moet dalk eerder oor sy prioriteite vir die Majubafees gaan herbesin.

In die lig van voormelde het die Feeskomitee die besluit geneem om die paar feesgangers wat moontlik beplan het om paramilitêre uniforms of drag by die Majubafees te dra te versoek om dit eerder nie te doen nie. Sodanige persone moet egter weet dat hul steeds baie welkom by die fees is en dat ons hoop en vertrou dat hulle 'n positiewe ingesteldheid sal toon en sonder die gemelde drag aan die fees sal deelneem.

Met Boeregroete

Cobus Pretorius

Feesdirekteur

Adv. Jan van Zyl

Voorsitter Majuba Boerevolktrust